# DIE PASTORALE VERSORGING VAN DIE ALKOHOLIS.

Alkoholisme is seker een van die moeilikste probleme waarmee die predikant in sy pastorale werk te doen kry. In 'n praatjie soos hierdie is dit slegs moontlik om in breë trekke aan te dui hoe die predikant die probleem kan hanteer. Die predikant moet egter self 'n dieper studie van alkoholisme maak.

## DIE GESINDHEID VAN DIE PREDIKANT.

Daar is gewoonlik baie meer alkoholiste in 'n gemeenskap as wat 'n oppervlakkige waarnemer sou dink. Dit gaan van die predikant se gesindheid oor alkoholisme afhang of die verborge alkoholis verborge gaan bly, en of hy gaan sigbaar word.

Een van die maniere waarop die predikant sy gemeentelede kan aanmoedig om alkoholiste onder sy aandag te bring, is deur daaroor te preek. In sy preek moet hy positiewe houding inneem, moet hy sy meegevoel en sy bereidheid om te help, laat blyk, sy begrip toon. Die atmosfeer moet sodanig wees dat die gemeentelede die vrymoedigheid sal hê om met hulle leraar oor alkoholiste in hulle gesinne te kom praat.

## DIE VROU VAN DIE ALKOHOLIS.

Die eerste persoon wat by die predikant kom hulp soek oor iemand se probleemdrinkery, is gewoonlik sy vrou, en deur haar te bearbei, gebeur dit dikwels dat haar man ook by die bearbeiding betrek kan word — veelal op indirekte wyse.

Gewoonlik wend die alkoholis se vrou haar tot die predikant eers wanneer haar man se drinkery min of meer heeltemal handuitgeruk het. Teen dié tyd ly sy gewoonlik self aan 'n erge mate van emosionele versteuring, gekenmerk deur skuldgevoel, aggressiwiteit, gevoelens van hulpeloosheid, afhanklikheid, oorgevoeligheid vir kritiek, skaamte en dikwels haat sy nie net haar man nie, maar ook haarself (Jackson, 1962).

Juis omdat so 'n vrou erg ontwrig is, juis omdat sy al baie middele beproef het om haar man sober te kry en sober te hou, en juis omdat hierdie middele in die verlede almal gefaal het, moet die predikant veral versigtig wees wanneer so 'n vrou spesifieke raad kom vra, raad oor „whether or not to divorce her husband, or to leave him, or to abstain from sexual relations with him, etc." (Jackson 1962), want die motief agter hierdie soort vrae is gewoonlik 'n begeerte om haar self van verant-

woordelikheid te onthef. Gee die predikant nou raad, moet hy ook die verantwoordelikheid vir die gevolge van sy raad dra.

BEARBEIDING VAN DIE VROU.

Alkoholisme tref veral die gesinslewe. In 'n inleidingsartikel (1962) wys die redakteur van **Pastoral Psychology** daarop dat elke alkoholis se drinkery die lewens van gemiddeld vyf ander persone ten nouste raak. Hierdie persone is veelal die alkoholis se vrou, sy kinders, sy ouers. Die pastorale sorg is gevolglik tot groot hoogte gemoeid met die alkoholis se gesin. Die gesin is ook meer vatbaar vir pastorale bearbeiding as die alkoholis. Die alkoholis kan sy spanninge met behulp van alkohol verdof of buite werking stel; sy gesin, wat nie oor hierdie ontvlugtingsmiddel beskik nie, moet sien kom klaar en ervaar gevolglik veel meer leed.

Die alkoholis se vrou is verder self 'n probleemgeval. Die huwelik is 'n emosionele wisselwerking van die intiemste aard tussen man en vrou. Mense met emosionele afwykings is baie geneig om met emosionele ontwrigtes te trou. Behalwe dit, kan dit nie anders nie dat die alkoholis se probleemgedrag ook sy vrou erg sal ontwrig nie — selfs al was sy vroeër 'n ewewigtige mens.

Dit verg baie van 'n predikant om so 'n vrou wat by hom om hulp kom aanklop, reg te hanteer. Hierdie vrou, wat haar las miskien lank alleen gedra het, het behoefte aan iemand wat bereid is om simpatiek na haar te luister. Die predikant moet haar dus geleentheid gee om uit te praat. Hy moet intens luister, maar self moet hy aanvanklik min praat. Raad moet hy glad nie gee voordat daar volkome wedersydse begrip tussen hom en die vrou is nie.

Die predikant moet die vrou se gevoelens egter respekteer en sy moet weet dat hy dit respekteer. Hy moet haar geleentheid gee om haar emosies los te laat, want omdat sy gewoonlik die sterke in die gesin is, is sy baie geneig om te veel op te krop. Uitpraat en uithuil bring verligting vir de vrou en is noodsaaklik, maar hou vir die predikant sekere gevare in. Hy moet waak dat hy nie in die vrou se probleem verstrengel raak nie. Hy moet 'n simpatieke neutraliteit handhaaf en haar, deur sy sterkte, sy innerlike krag, 'n gevoel van veiligheid laat ervaar.

Maar wat nou as sy hom 'n vraag vra? In so 'n geval is dit die beste om die gevoel wat aan die vraag ten grondslag lê,

reg te peil en dit na die vrou terug te kaats deur die vraag in 'n stelling om te skep waarin die klem op die gevoelselement val.

De vrou se ontboeseminge gedurende die eerste onderhoude bring nie net vir haar verligting nie, maar stel die predikant ook in staat om 'n voorlopige beeld van die probleem te vorm. Deur haar win hy inligting in oor haar man se probleem en hoe dit haar lewe en dié van haar kinders raak. Die onderhoude stel die predikant ook in staat om 'n beoordeling te maak van die man se vatbaarheid vir bearbeiding. Dit sal natuurlik slegs 'n tentatiewe beoordeling wees, want die alkoholis se vrou is nie in staat om objektief teenoor haar man se probleem te staan nie. Al sou sy byvoorbeeld van mening wees dat die man heeltemal ontoegangklik vir bearbeiding of behandeling is, hoef dit nie noodwendig so te wees nie. Trouens uit my eie ondervinding met alkoholiste weet ek dat die meeste alkoholiste baie toeganklik is, bereid is om oor hulle probleme te praat, mits hulle sober is en mits hulle weet dat hulle die persoon met wie hulle praat, kan vertrou. Die alkoholis is toeganklik vir mense wat hom simpatiek benader, juis omdat hy hom so weerloos en afhanklik voel, so verleë om 'n bietjie begrip en toegeneentheid is — hy wat so dikwels al deur sy medemens verstoot is.

Gedurende so 'n peiling van die alkoholis se toeganklikheid moet die predikant by die vrou probeer uitvind of haar man vertroue in hulle huisdokter, in die A.A., in die kliniek of toevlugsoord vir die behandeling van alkoholiste het.

Die „behandeling" van die alkoholis se vrou, as ons dit so kan noem, moet dus geen dieptebehandeling wees nie. Van 'n ontleding, 'n blootlegging van onbewuste komplekse, moet daar hoegenaamd geen sprake wees nie, want dit is werk waarvoor baie min predikante opgelei is. Clinebell (1962) sê dan ook hieroor: „The realistic and constructive goal of pastoral care, at this point, is **to help her deal constructively with the run-away family crisis in which she is emotionally submerged".**

Namate die bearbeiding van die vrou vorder, kan die predikant haar inlig oor die wesenskenmerke van alkoholisme, oor die meganismes van verslawing, met ander woorde, hy moet haar help om haar man se probleemgedrag te verstaan. Dit gee die vrou al groot verligting as sy weet dat haar man se gedrag nie eiesoortig is nie, maar dat sekere aspekte daarvan kenmerkend is van die gedrag van die meeste alkoholiste, byvoorbeeld selfsug, oneerlikheid oor die drinkery, „blackouts", agterdog, onbepaalde vrese, gebrek aan deursettingsvermoeë, verbreekte beloftes, grootpratery en grootdoenery.

Ook moet die vrou begryp dat sy nie die rol van moeder teenoor haar man moet probeer vervul nie, hom nie moet oppiep nie, nie moet glo dat enigiets wat sy mag doen, haar man kan sober hou nie. Eerder moet sy haar met haar man se probleemgedrag versoen. En boweal moet sy ophou om hom teen die gevolge van sy gedrag te beskerm. Anders gestel: sy moet haar emosioneel van haar man bevry, en hom van haar, want emosionele parasitisme in die man-vrou-verhouding lei altyd tot wanaanpassing.

By die bearbeiding van die alkoholis se vrou moet die predikant veral daarteen waak om nie as aktiewe deelnemer in die konflik tussen man en vrou betrek te word nie. Die predikant moet byvoorbeeld nie onderneem om haar te help om haar man se drinkery onder beheer te bring nie, want, sê Jackson (1962): „Entrance into a family's problems as an ally of one of the combatants is doomed inevitably to failure".

Verder moet die predikant daarteen waak om nie direkte raad oor probleme aan die vrou te gee nie. Voordat sy die desperate stap gedoen het om met haar en haar man se probleme na die predikant te kom, het sy sekerlik reeds baie oplossings tevergeefs uitprobeer, en dit is baie moontlik dat sy ook al die oplossing wat die predikant haar nou aanbied, sonder vrug uitprobeer het. Gee die predikant dus gehoor aan die vrou se versoek om raad van hierdie aard, loop hy nie net gevaar om haar vertroue te verloor nie, maar sterk hy ook haar geloof dat daar een bepaalde uitweg uit haar probleme is — want soos die alchemiste van ouds na die wondermiddel gesoek het wat slyk in goud kan verander — so is sy gedurig op soek na 'n towerformule wat van haar man 'n sober mens sal maak.

Wat die predikant wel kan doen, is om hom te vergewis van die werklike aard van die probleem. Die vrou behoort hom te kan sê hoe en waar die man drink, of hy tuis alleen drink of elders saam met maats, of hy geweldadig raak as hy dronk word, of hom van andere onttrek, of hy 'n gereelde of periodieke drinker is. Verdere vrae wat die predikant aan die vrou kan stel is : Hoeveel kinders daar in die gesin is en hoe oud is hulle ? Hoe raak die vader se drinkery hulle? Wat was die gesinsomstandighede voordat die man 'n alkoholis geword het en hoe vergelyk dit met die huidige toestand ?

## BEARBEIDING VAN DIE GESIN.

Die gesin van die alkoholis voer 'n onsekere bestan, hoofsaaklik vanweë die onvoorspelbare en dikwels skrikaanjaende

gedrag van hul vader. Maar ook is hy vir hulle 'n gedurige bron van skaamte. Dit lei daartoe dat die gesin hulle aan die buitewêreld probeer onttrek. Die kinders is sku vir hulle maats, neem nie aan sport of verenigingslewe deel nie. Namate die alkoholis al verder agteruitgaan, neem die neiging tot sosiale isolering by die gesinslede toe.

## BEKAMPING VAN KRISISSE.

Die alkoholis se gedrag neem soms krisisafmetings aan. Hy kan byvoorbeeld sy toevlug tot geweld neem en sy vrou en kinders beseer. Dit is gedrag wat nie geduld moet word nie, en die predikant moet weet watter geregtelike stappe teen die geweldenaar gedoen kan word om die toekomstige beskerming van die gesin te verseker. Soms ly die alkoholis aan delirium tremens. Die predikant behoort die toestand te herken en te weet waar om om hulp aan te klop. Ook moet hy weet watter stappe om te doen om 'n alkoholis wat geesteskrank geraak het in 'n sielssieke hospitaal opgeneem te kry. Hy moet verder weet watter toevlugsoorde vir die behandeling van alkoholiste daar is en hoe te werk gegaan moet word om 'n alkoholis se opname deur 'n toevlugsoord te bewerkstellig.

Maar ook in krisistye moet die predikant weet hoe om die alkoholis se vrou en kinders moreel te steun, onder andere deur hulle te help om die stappe wat teen die alkoholis gedoen is, te sien, nie as verraad deur hulle nie, maar as desperate pogings om hom te weerhou van die pleeg van erger dade.

## DIE PASTORALE BEARBEIDING VAN DIE ALKOHOLIS.

Weereens is die predikant se gesindheid van die allergrootste belang, maar daar is ook sekere praktiese oorwegings wat hy voor oë moet hou. Die belangrikste hiervan is :

(1) Die alkoholis se ongeneëntheid om pastorale hulp te soek of te aanvaar. As gevolg van die ontwrigting wat alkoholisme in die gesinslewe veroorsaak, is die alkoholis geneig om agterdogtig en selfs aggressief te wees. Hy is veral baie sensitief vir veroordeling. Een van die redes waarom Alkoholiste Anoniem sukses met die behandeling van alkoholiste het, is omdat hulle die alkoholis aanvaar soos hy is. Deur hom nie te verdoem nie, deur hom te laat voel dat hulle verstaan — want hulle was vroeër self alkoholiste — versterk hulle sy selfvertroue en maak hulle sy gemoed ontvanklik vir gesonde raad. 'n Predikant wat 'n alkoholis deur

sy optrede kan laat voel dat hy begryp, 'n predikant wat nie 'n neerbuigende of verdoemende houding teenoor die alkoholis inneem nie, kan reken om meer sukses te behaal as die predikant met die teenoorgestelde benadering.

(2) Dit is nutteloos om 'n alkoholis wat onder die invloed van alkohol is, te probeer behandel. Die predikant moet hier beslis optree en aan die beskonke alkoholis sê dat hy weer kan kom wanneer hy nugter is.

(3) Dit is ewe nutteloos om 'n alkoholis teen sy sin te probeer bearbei. Die vererger sy verset teen die bearbeiding.

(4) Die predikant moet nie skroom om, na oorlegpleging met die alkoholis, ook die hulp van buite-instansies soos die A.A., die alkoholis se geneesheer of 'n kliniek in te roep nie.

(6) Die predikant moet hom nie laat ontmoedig wanneer die alkoholis 'n glips begaan nie, want dit is 'n gewone verskynsel by alkoholiste wat vorder na 'n sober lewe. Boweal moet die predikant die alkoholis toon dat hy hom nog steeds vertrou — selfs na so 'n glips.

(7) Die predikant moet hom op hoogte stel en op hoogte hou oor alkoholisme en die bearbeiding van alkoliste.

DIE ALKOHOLIS WAT NIE MEER DRINK NIE.

Verdery (1962) sê: „Beyond sobriety lies the ultimate goal of sober living". Hierdie sober lewe het ook sy probleme en die alkoholis wat opgehou het met drink, ervaar dikwels erger probleme as toe hy nog gedrink het. Daar is die aanvanklike skokeffek van algehele onthouding deur 'n persoon wat miskien jarelank gewoond was om sy probleme met behulp van alkohol te ontwyk, 'n skok wat soms so erg is dat die alkoholis selfs kan selfmoord pleeg. Ook wat betref die sober alkoholis se verhouding met sy gesin is daar ernstige probleme.

Die alkoholis se vrou, wat sô lank gewoond was om die verantwoordelikhede van die gesinshoof op haar skouers te neem, moet nou skielik haar gesagsposisie afstaan aan 'n man in wie sy so lank geen vertroue gehad het nie. Sy kan selfs bewustelik of onbewus begeer dat hy weer moet begin drink en dikwels is haar gedrag daarop gemik om die man weer te laat drink. Sy kan byvoorbeeld tydens 'n rusie hom oor sy drinkery verwyt, hom gedurig wys dat sy hom nie meer kan vertrou nie, en op vele andere maniere sy selfvertroue ondermyn.

Die predikant kan hier help deur die gesin van so 'n sober alkoholis te laat afsien van hulle neiging om die alkoholis te wil beheer en hulle aanspoor om hom die geleentheid te gee om die gevoel van vryheid en verantwoordelikheid wat kenmerkend is van die emosioneel-rype volwassene, te ervaar.

Dit gebeur dikwels dat 'n alkoholis wat 'n tydlank sober gelewe het 'n glips begaan en weer dronk word. Dit gebeur veelal omdat die alkoholis meen dat hy een drankie kan drink en daar kon ophou. Anders as sy gewone aggressiewe gedrag wanneer hy dronk is, kan sy gedrag tydens so 'n terugvalling van skaamte en berou getuig. Die gesin moet dan nie lostrek met verwyte nie, maar bereid wees om die toestand met min emosie te aanvaar en die alkoholis te laat voel dat hulle verstaan en hom voortaan nog steeds sal vertrou.

Nog iets wat die predikant moet weet omtrent die gesinsprobleme van die alkoholis wat opgehou het om te drink, is dat die gesin altyd geglo het dat hulle geen probleme meer sal hê nadat die gesinshoof sober geword het nie. Dit is 'n onrealistiese siening, want alle gesinne het probleme, ook dié van afskaffers. Feit is egter dat die gewone gesinsprobleme tydens die alkoholis se dae van alkoholisme verdwerg was juis omdat die alkoholisme die sentrale probleem was. Die gesin moet oor hierdie dinge ingelig word.

Verder: waar die vrou, toe haar man nog gedrink het, as gesinshoof opgetree het, die finansies beheer het, buitenhuis gewerk het — daar moet sy nou haar man die kans gee om weer sy verantwoordelikhede as hoof van die gesin te aanvaar. Die bespreking van probleme wat vermy was terwyl die man gedrink het, moet nou hervat word. Die kinders, wat in die verlede die rug minagtend vir diè vader gedraai het, moet weer leer om om hom te respekteer.

Namate die tydperk van soberheid langer word, word die gesinsverhoudinge gewoonlik geleidelik weer normaal.

Die alkoholis wat 'n sober lewe lei, het dikwels 'n sterk behoefte aan die godsdiens, veral omdat hy nog steeds probleme het en steeds vrees dat hy eendag weer kan begin drink. Hy moet die vrymoedigheid hê om sy aanpassingsprobleme met sy predikant te bespreek, sy angsgevoelens wat hy vir almal verberg, teenoor sy predikant te lug.

SLOTSOM.

Ons kon net aan die probleem raak. Veel meer is nodig. Die predikant moet self studeer, hom so goed moontlik op hoogte stel met sy alkoholiste se probleme, en steeds die geloof behou, bly glo dat, al is dit baie moeilik om 'n alkoholis te rehabiliteer, sukses tog behaal kan word. Die vraag het al by my, en ook by my predikantsvriende, ontstaan of die tyd nie aangebreek het dat die sielkunde 'n verpligte hoofvak vir die voorgraadse student wat wil predikant word, moet wees nie. Die predikant het met mense te doen, mense met probleme, en 'n studie van die sielkunde kan meehelp tot 'n beter begrip van dergelike probleme — ook dié van alkoholisme.

A. S. Roux

Departement Sielkunde,
Universiteit van Suid-Afrika,
Pretoria.

LITERATUUR

Clinebell, H. J. (Jr.) (1962): Pastoral care and the alcoholic's family before sobriety — **Pastoral Psychology,** 13; 19 - 29.

Editorial (1962): The agony of the family of the alcoholic — **Pastoral Psychology,** 13; 5 - 7.

Jackson, Joan K. (1962): Alcoholism as a family crisis — **Pastoral Psychology,** 13; 8 - 18.

Verdery (1962): Pastoral care of the alcholic — **Pastoral Psychology,** 13; 30 - 38.